
GELOOF
In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons




FAITH
In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt

POSBUS 112, STANGER, 4450 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411



Die Sleutel tot Gebed

"...Die wêreld sê, "as ek sien sal ek glo", maar Jesus sê ons moet glo voordat ons

Die sleutel van gebed i.v.m. gebedsverhoring is om God te vra vir wat jy wil hê volgens God se beloftes en dan te glo dat hy dit gedoen het. Die Here weet mos wat ons verlang, maar Hy het nogtans gesê dat ons moet vra. Die Bybel sê: **Jul Vader weet wat julle nodig het (Matt. 6:8).** Maar dan sê Hy ook dat ons Hom daarvoor moet nader en dit voor Hom lê. Om aan te voer dat jy alles maar aan God oorlaat, want jy weet Hy sal net die beste laat gebeur, is eintlik onskriftuurlik. Jesus het gesê: **Bid, en vir julle sal gegee word, soek en julle sal vind, klop en vir julle sal oopgemaak word. Matt. 7:7-8.**

Ons lees in **1 Joh. 5:14 & 15: En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens Sy Wil. En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het.** Vra altyd volgens Sy Wil - God se Woord is Sy Wil, en Sy Woord sê dat Hy die Here ons God is wat ons gesond maak, dus kan ons vir genesing vra volgens Sy Woord (Wil). Hy sê Hy sal in ons behoeftes voorsien, dus kan ons ons behoeftes na Hom toe bring. Ek kan God nie vra vir 'n ander se besittings nie, want dit sal teen Sy Woord of Wil wees.

Want voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berge sê: Hef jou op en werp jou in die see – en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat jy sê sal gebeur – hy sal verkry net wat hy sê.

Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang en julle sal dit verkry. (Mark. 11:23-24) God sê wanneer jy bid glo dat jy dit ontvang en jy sal dit verkry. Die wêreld sê, "as ek sien sal ek glo", maar Jesus sê ons moet glo voordat ons sien.

Hierdie woorde van Jesus oor gebed is vir my 'n ware uitdaging. Vra vir God dinge wat jy wil hê en glo dan dat jy dit sal kry. Glo dat jy ontvang waarvoor jy vra, net daar terwyl jy bid.

Jy moet glo dat jy dit het, voor jy dit verkry. Dis vir ons wat so deur die jare geoefen is om eers te sien en dan te glo, 'n moeilike begrip om eers te glo en dan te sien, maar dit is hoe Jesus vir ons oor gebed leer. Basies gaan dit daarom dat ons God moet glo en nie vir satan nie. Satan sal vir jou sê jy het nie dit waarvoor jy vra nie. Maar satan is werksaam in die sintuiglike gebied. Satan is werksaam in hierdie wêreld. En hier moet ons eers leer om onderskeiding te maak tussen die fisiese/sintuiglike gebied en waarheid, en die geestelike gebied en waarheid – daar is beslis 'n groot verskil tussen hierdie twee. Waarheid hou nie net verband met dit wat ons kan sien nie, maar baie definitief ook met dinge van die gees; dit wat ons nie kan sien nie. En dis hier waar Ef. 1:3 vir ons so 'n wonderlike waarheid onderstreep nl.: **Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus.**

M.a.w. alles wat ons nodig het, is alreeds vir ons voorsien in Jesus Christus. Ons sien dit nie, maar dit bestaan reeds.

Ons natuurlike verstand rebelleer effens teen hierdie begrip van die bestaan van dit wat ons nie kan sien nie, maar dis hier waar vertroue op, en geloof in God se beloftes van toepassing is, want dis ons geloof in God wat hierdie beloftes vasgryp en 'n werklikheid in ons lewens maak. Ongelukkig bestaan hierdie probleem van om die onsienlike te sien ook in die meeste van die prediking in ons hedendaagse kerke, en daarom die armoede in

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl 1 - Die sleutel tot gebed..)
die praktyk en op geestelike gebied in ons gemeentes.

Ons moet deur die geloof wandel en nie deur aanskoue nie (2 Kor. 5:7)

'n Prediker met wie ek bekend is, illustreer hierdie toepassing uitstekend met 'n insident wat in sy eie lewe gebeur het. Hy vertel hoe hy in 'n klein geboutjie moes preek wat verhit was deur koolstowe. Soms was dit baie koud en soms baie warm. Een aand was hy papnat van die sweet weens die intense hitte en gaan toe na buite vir 'n bietjie vars lug. Dit het veroorsaak dat hy 'n keelaandoening ontwikkel het en toe hy later die aand by sy motor kom, kon hy skaars praat. Die volgende dag kon hy slegs fluister en sy bors was seer. Toe begin hy Skrifdele oor genesing lees, en bid toe: **Here, U Woord sê vir my dat ek deur U wonde genees is.** My liggaam, my huismense en my gevoelens sê vir my ek is nog nie genees nie. U Woord sê God is Waarheid en die mens 'n leuenaar. As ek dan sê dat ek nie genees is nie, is ek 'n leuenaar. **U Woord sê God kan nie lieg nie. Rom. 3:4: Maar God moet waaragtig wees en elke mens leuenagtig, soos geskrywe is: Sodat U geregverdig in U woorde en oorwin as U gerig hou.**

Daardie aand sê hy toe aan die Here dat hy gaan opstaan en uitgaan en preek. Hy gaan toe na die saaltjie en toe hy opstaan om te spreek, sê hy oor die luidspreker dat hy God wil dank omdat Hy hom genees het.

Die gehoor het natuurlik baie verbaas na hom gekyk, want hy het steeds gefluister. Hy het toe aan hulle verduidelik dat die Bybel sê hy is genees. Wat God sê is die waarheid en as hy toe sou sê dat hy nie genees is nie, sou hy God tot 'n leuenaar maak en self ook een wees.

Hy vra toe almal om op te staan en saam met hom God te loof vir sy genesing. Party mense staan toe op en hulle begin prys. Hy het nie eers drie maal halleluja gesê nie, toe was sy stem terug. Toe begin hy preek en wat 'n geseënde inslag het daardie preek nie gehad nie, want voor hulle oë het die gehoor God se Woord in aksie gesien.

En dis dieselfde God en dieselfde Woord wat vir jou wil werk. Sommige persone vra aanhoudend hoekom God hulle nie wil genees nie, ten spyte van die feit dat sovele al vir hulle gebid het. Dan wil jy hulle onwillekeurig vra of hulle al opgetree het ooreenstemmend God se Woord. Jy moet handel of God se beloftes in Sy Woord WAAR is – want hulle is, maar ons maak hulle nutteloos deur ons ongeloof. Onthou, daar is nie 'n klein geloof en 'n groot geloof nie – God het almal 'n maat van geloof gegee (Rom. 12:3). Ons moet dit net gebruik en ons sal berge verskuif. (Mark. 11:23) En daarmee bedoel God werklike berge in ons lewens, soos siekte, armoede en ongeluk.

Die derde stap in gebedsverhoring is om elkeen van jou gedagtes en jou begeertes so in te stel dat hulle bevestig wat jy gevra het. Moet nie vir 'n oomblik 'n prentjie van mislukking in jou gedagtes vertroetel nie. Bestraf elke gedagte van twyfel. Stel jou gemoed in op die antwoord.

Jak. 4:7: Weerstaan die duiwel en hy sal van julle wegvlug. (Let ook op die voorwaarde. "Onderwerp jou aan God.")

1 Pet. 5:8: Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind.

Twyfel is van satan: weerstaan hom. Verdryf elke beeld, voorstel, visie, droom, indruk, gevoel en alle gedagtes wat nie opbouend is vir jou geloof wat glo dat jy sal ontvang wat jy vra nie. Geniet en oordink die wat wel jou geloof opbou. Onthou, satan kan ook op die gebied van suggestie beweeg en elke gedagte, droom of gevoel wat ons kry is beslis nie alles van God nie – ons moet leer om te onderskei en die duiwel te weerstaan.

Ek weet van 'n prediker wat vir 20 jaar in 'n gemeente gewerk het en uitstekende werk gelewer het. Hy was net oor die 50 jaar oud en moes sy werk staak weens 'n fisiese probleem. Dit het hom gepla en weerhou daarvan om sy beste te lewer. Alhoewel hy 'n leraar was het hy nie genoeg geloof gehad om te glo dat God hom sou genees nie. Een oggend toe hy wakker word, sien hy iemand in glinsterende klere en hy dink toe dis Jesus. Hierdie persoon sê toe dis nie sy wil om die leraar te genees nie. Dit kon tog nie Jesus gewees het nie, want in Matt. 8:17 sê Jesus dan: **Hy het ons krankhede op hom geneem en ons siektes gedra.**

Jesus is die Woord van God. **Heb. 1:1-2: Nadat God baie keer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun, wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het deur wie Hy ook die wêreld gemaak het.**

God spreek tot ons deur Jesus. Jesus is God – in – Aksie: **Hy het rondgegaan en almal genees wat deur die duiwel verdruk was (Hand. 10:38).**


As Jesus dus aan jou sou verskyn en sou sê dat dit nie Sy wil is om jou te genees nie, sal Hy Homself tot 'n leuenaar maak. Sou Hy dan wou hê jy moet weer siekte dra as Hy dit reeds aan die kruishout gedra het? Nou sien jy dat dit die duiwel was wat in daardie visie aan my prediker vriend verskyn het, en hy het dit aanvaar. God saai nooit twyfel en ongeloof nie. Lees 2 Kor. 11:14. Satan kan kom as 'n engel van die lig.

Dikwels sê mense dit "voel" vir hulle of God hulle gehoor het. Dis 'n dwase ding om te sê. Sê liewer jy weet verseker dat God jou gehoor het. God se Woord sê so, of ek nou so voel of nie. Al voel ek ook hoe moedeloos en negatief oor 'n saak, weet ek dis 'n leuen van die duiwel, want hy is 'n leuenaar en steel en vernietig en verwoes alles wat positief en opbouend is. (Joh. 10:10) Die belydenis (die hardop uitspreek) van geloof moet deel van ons lewe wees. Staan vas en weier om oorwin te word. Die vierde stap is 'n punt waar baie mense fouteer as hulle bid, en ek glo dis ook maar weer weens gebrek aan kennis. Lees **Joh. 16:23-24: En in daardie dag sal julle my niks vra nie. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle die <u>Vader</u> sal vra <u>in My Naam</u>, sal Hy julle gee. Tot nou toe het julle niks in My Naam gevra nie. Bid, en julle sal ontvang sodat julle blydskap volkome kan wees.**

Sien jy dat ons veronderstel is om tot die Vader te bid en nie tot Jesus nie, maar wel in Jesus se Naam. Onder die ou Verbond,

(Vervolg op Bl. 6)

BE PREPARED



The signs of the end times which are to take place, as described in God's Word, become more and more and the second aspect is concerned with the behaviour and obedience of those who are awaiting His coming. I liken it to a return of Jesus, our Bridegroom which has two sides, yet to fetch His Bride, are more one and the same coin. aware than most, but even end time teaching, be- those in the world can see the re usually inclined to look global changes and events that the one side of the coin, curring at a rapid pace all over the world. but you and I need to take special note We read what Jesus had to say on the of the other side as well.

The first aspect of His teaching is concerned with the signs which are to take place, and the second aspect is concerned with the behaviour and obedience of those who are awaiting His coming.

subject in Luke chapter 21 from verse 8 to 36, and again in Matthew chapter 24. It is however, essential, especially at this moment in God's time-plan, to keep refreshing our memories by re-reading these portions of scripture. The fact that God has given us fair warning in His Word concerning the events which are already taking place in the world, should be of great comfort to our hearts. It should keep us from getting into fear and assure us that He is fully in control of His end time plan on earth. This goes without question! What does need to be questioned however, is whether or not we are doing what He demands of us, at this crucial time! You may ask, "What should we be doing?" God gives us the answer in His Word, vividly illustrating it in His four end-time parables in Matthew chapters 24 and 25. Jesus taught His disciples on the end-time in Matt. 24 and Matt. 25 and intended it to be one complete, unbroken discourse, whereas we are inclined to see it as two separate chapters which causes us to lose the full impact of His teaching.

It is very interesting to note that when Jesus starts His teaching on the end times, in answer to His disciples' question **"Tell us, when will these things be? And what will be the sign of Your coming, and of the end of the age?" Matt. 24:3,** Jesus answers them saying: **"Take heed that no one deceives you."** He then proceeds to give them a full account of what they can expect to take place at the end of the age. His discourse continues right through the entire chapter 24 and in fact the whole of chapter 25, because it is only when we get to the first verse of Matthew chapter 26, that it becomes evident that the discussion is complete. We understand this because of the first verse of Matthew chapter 26, which says: **Now it came to pass, when Jesus had finished all these sayings, that He said to His disciples, "You know that after two days is the Passover, and the Son of Man will be delivered up to be crucified."**

It is essential that we understand that both chapters 24 and 25, in their entirety, are included in Jesus' teaching. Why this is so important is because His teaching on this subject embraced two aspects of the end times, both of which are equally essential and vitally important. The first aspect of His teaching is concerned with the signs which are to take place, and the second aspect is concerned with the behaviour and obedience of those who are awaiting His coming. I liken it to a return of Jesus, our Bridegroom which has two sides, yet to fetch His Bride, are more one and the same coin. aware than most, but even end time teaching, be- those in the world can see the re usually inclined to look global changes and events that the one side of the coin, curring at a rapid pace all over the world. but you and I need to take special note We read what Jesus had to say on the of the other side as well.

We read in Matt. 24 verse 44: **Therefore you also be ready, for the Son of Man is coming at an hour when you do not expect Him,** and then Jesus begins to tell us how we can be ready and what constitutes our readiness. He does this by giving us the four illuminating parables, I believe in chronological order, and they are very easy to understand. Let us examine ourselves in the light of them, and be totally truthful as we decide into which category we fall.

1. Be Faithful: (Matt. 24: 45-51)

Endurance has always been a Godly trait, but in these times it is vital. We need to persevere in that which God has called us to! Whatever it may be, when He comes, He must find us being faithful in it's execution.

The first parable deals with the faithful and wise servant, whose Master made him ruler over his household and required him to look after it. It goes on to say that this servant would be blessed if he continued to be responsible and diligent. In fact, his Master would make him ruler over all his goods. However, if the servant becomes evil, thinking in his heart that the Master's coming is delayed, and he beats his servants and eats and drinks with the drunkards, the Master will come on a day when he least expects Him to. In fact, it declares that He will come on a day when he is not looking for Him, and at an hour that he is not aware of, and the Bible tells us in Matt. 24:51: **and will cut him in two and appoint him his portion with the hypocrites. There shall be weeping and gnashing of teeth.**

2. **Be Ready: (Matt. 25: 1-13)**

The second parable deals with ten virgins, five of whom were wise, and five foolish. The five were described as foolish, because they did not have extra oil for their lamps while they were waiting for the Bridegroom. They misjudged the amount of oil that they would need in order for their lamps to be burning until His arrival. We need to be reading our Bible and praying every day. We need to be filled with the Holy Spirit and to be fellowshipping regularly with believers. Our lamps should be full at all times, as we retain our first love for Jesus. The wise virgins made sure that they had sufficient oil for themselves, but not enough to sell to the others. When the

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 - BE PREPARED)

Bridegroom came, those who were ready went with Him to the wedding, and the Bible tells us: **and the door was shut. Matt. 25:10.**When however, the other five virgins asked the Lord to open the door for them, His answer was, **Assuredly, I say to you, I do not know you. Watch therefore, for you know neither the day nor the hour in which the Son of Man is coming. Matt. 25:12-13.**

3. Be using your God given gifts: (Matt. 25: 14-30)

The bible exhorts us to stir up the gift that was given to us. (2 Tim. 1:6) And we read in 1 Cor. 12 that God gives various gifts and ministries of the Holy Spirit to those who desire them, for the building up of the Body of Christ.

The third parable Jesus taught on the subject of the end times, is the story of the three servants who were each given a sum of money (talents) to invest. Each was given a different amount, to one He gave five talents, to the second He gave two talents, and to the third, one talent. God has given gifts to each one of us to use and exercise, for His honour and so that He may be glorified. The two men, one with five talents and one with two talents, traded with them and doubled their initial sum of money. The third however, hid his in a hole in the ground. When the Lord returned, He was greatly pleased with the first two servants who had made wise investments, and said to them: **Well done, good and faithful servant; you were faithful over a few things, I will make you ruler over many things. Enter into the joy of the Lord. Matt. 25:21 and 23.** Then He came to the third servant who acknowledged that he had been afraid because he knew the Lord to be a hard Man Who reaped where He had not sown, and thus had hidden his talent in the ground. The Lord answered: **You wicked and lazy servant, you knew that I reap where I have not sown, and gather where I have not scattered seed. Therefore you ought to have deposited my money with the bankers, and at My coming I would have received back My own with interest.** He then commanded the unprofitable servant to take His one talent and to give it to the servant who had ten, because He said, that to everyone who has, more will be given to him, and he will have in abundance, but from him who does not have, even what he has, will be taken away. Then in **verse 30** we read: **And cast the unprofitable servant into the outer darkness. There will be weeping and gnashing of teeth.**

4. Be Compassionate: (Matt. 25: 31-46)

The fourth end-time parable which Jesus told His disciples was of the division of the sheep on His right Hand from the goats on the left. The sheep were those who did acts of righteousness, whereas the goats did not. We read in **Matt. 25 verse 34**: **Then the King will say to those on His right hand, Come, you blessed of My Father, inherit the kingdom prepared for you from the foundation of the world.** The difference between the sheep and the goats is simple and yet profound, and Jesus went on to explain the difference. He says of the sheep, that when He was hungry they fed Him. When He was thirsty, they gave Him something to drink. When He was naked, they gave Him clothes. When He was sick, they visited Him and when He was in prison, they came to Him. The sheep, (being those who practice righteousness) asked Him when was it that they had done all this for Him and He answered them saying: **Assuredly, I say to you, inasmuch as you did it to one of the least of these My brethren, you did it to Me. Matt. 25:40.** Then He says of the goats that when He was hungry, they gave Him no food. When He was thirsty, they gave Him no drink. When He was a stranger, they did not take Him in. When He was naked, they did not clothe Him, and they did not visit Him when He was sick and in prison. The goats, (those who did not practice righteousness) asked Him when it was that all this had taken place, and He answered them saying: **Inasmuch as you did not do it to one of the least of these, you did not do it to Me. And these will go away into everlasting punishment, but the righteous into eternal life. Matt. 25:46.**

"..Hopefully we are not those who are only discerning the signs of the times correctly, and the soon coming of our Lord Jesus Christ, but we are also of those who are taking heed of, and implementing the Truths Jesus taught His disciples in His four end time parables…"

People in the world need Jesus more than ever before and it is by our demonstration of love and acts of compassion, that we make Him known to them. He loves them and died for them. We know that we cannot work for our salvation, that it is only through the shed Blood of Jesus on Calvary by which we are saved. The question is however, what are we doing with such a great and costly salvation? Are we selfishly hugging it to ourselves, or are we investing our time, talents, possessions and energy in eternal treasures which will one day cause the King to say to us (on His right Hand): **Come, you blessed of My Father, inherit the kingdom prepared for you from the foundation of the world. Matt. 25:34.**

Hopefully we are not those who are only discerning the signs of the times correctly, and the soon coming of our Lord Jesus Christ, but we are also of those who are taking heed of, and implementing the Truths Jesus taught His disciples in His four end time parables. Namely to be faithful, to be ready, to use our God given gifts and to be compassionate. I pray that our Lord will find us actively and diligently putting into practice these fruits of our salvation, which obviously are of such importance to Him, that He found it necessary to teach on them in His end time discourse. The alternative is too terrible to contemplate and we read about it **in Matt. 24:51; Matt. 25:12; 30 and 46. H**



NEW ENGLISH BOOK
Book No. 64 – THE CHRISTIAN AND JOB
compiled by Dr J J van Zyl
Sets the record straight regarding the Biblical facts concerning Job.
Obtainable from the Stanger Christian Centre @ R8.00 each

<u>BOEKE EN BANDE</u>—Indien u 'n lys van ons boeke en bande benodig kontak ons asseblief

HOE OM TE BESTEL: Dui asseblief aan die hoeveelheid boekies wat u graag wil bestel in die blokkies langs die titel. Deponeer die bedrag in ons bankrekening en faks/pos die strokie saam met die lys van u bestelling—of stuur 'n gekruiste tjek of poswissel aan ons. **LW: DUI ASSEBLIEF U VOORLETTERS, VAN EN DORP/ VOORSTAD IN DIE "VERWYSINGS" SPASIE OP DIE DEPOSITO STROKIE**

11 DAG TOER NA ISRAEL EN KAIRO
Vertrek 17 September 2005
Koste ex Johannesburg R11,900



10 DAG TOER NA ISRAEL
Vertrek 7 November 2005
Koste ex Johannesburg R12,298
(Wisselkoers $1 = R6.50 albei toere)
Vir meer besonderhede kontak:
Pastoor Rykie Steyn
Posbus 27117, Greenacres, 6057
Telefoon 041 373 5812 of sel 083 227 2210

Spesiale GENESINGSDIENSTE by die Christelike Sentrum op die volgende Vrydae:

20 Mei en 17 Junie 2005

Genesingsdienste begin om 8.30vm. Vir onvoorsiene kansellasies, skakel ons asseblief vir bevestiging van dienste op bogenoemde datums. Verstrek ook asseblief u naam en telefoon-nommer ingeval dit nodig is dat ons u moet kontak om ander reëlings te tref.

uit dr james se kantoor

Geliefdes in die Here,
Ek het hierdie maand `n sterk drang om ons almal aan te moedig om gereed en voorbereid te wees, wanneer Jesus Sy bruid kom haal. Die artikel, "Be Prepared," herinner ons aan die behoefte om gereed te wees vir Jesus se koms. Ek wil ons almal aanspoor om hierdie vier gelykenisse te gebruik as 'n maatstaf om te sien of ons voldoen aan dit wat God van ons verwag. Ons gehoorsaamheid aan Jesus se leeringe sal ons sterk en standvastig hou in hierdie bose tye waarin ons leef, ek kan dit dus nie oorbeklemtoon hoe belangrik ons gehoorsaamheid aan God se Woord is nie. Ons geloof in God en Sy Woord is noodsaaklik te alle tye, maar veral in hierdie tye, en ons bewys ons geloof wanneer ons doeners van die Woord word. Ek vertrou dat ons almal die inhoud van hierdie nuusbrief sal vasgryp en kwaliteit besluite sal neem ten opsigte van ons geestelike groei, en ons ferm stand op die Woord van God en op Christus Jesus, die lewende Woord.
Ek kan julle nie genoeg bedank vir al jul liefde en goedheid, wat ons in staat stel om voort te gaan met die werk waarvoor God ons geroep het, om vanuit die Stanger Christelike Sentrum te doen. Baie dankie vir julle gebede en aanmoediging, waarsonder ons nie kan voort gaan nie.
Ons is so geseënd om so 'n groot familie te kan hê wat strek regoor Suid Afrika en Namibia, en ons bid vir julle gereeld, en vra dat die Here julle almal baie ryklik sal seën en in al julle behoeftes sal voorsien. Ons waardeer elke telefoon oproep en brief, asook die wonderlike getuienisse, dit is altyd van groot seën.
Ek wil op my beurt julle bemoedig met God se Woord in **Spr.3 verse 5 -8** wat geweldig baie vir ons hier by die Sentrum beteken: **Vertrou op die Here met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie. Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelyk maak. Wees nie wys in jou eie oë nie; vrees die Here, en wyk af van die kwaad; dit sal genesing wees vir jou liggaam en verkwikking vir jou gebeente.**
Baie liefde groete

Dr James

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Die sleutel tot gebed...)
voor Jesus se kruisiging en opstanding, het hulle gebid sonder Jesus se Naam – selfs die pragtige "Onse Vader" – gebed val in hierdie kategorie. Maar met Sy opstanding het God Jesus se Naam verhef bo alle Name. Let wel, Jesus Self het ons geleer om altyd tot die Vader te bid, afgesien van ons omstandighede of ouderdom (Matt. 6:9) Jesus se Naam is in die eerste plek Groot omdat Hy hierdie Groot Naam geërf het. Lees Heb. 1:1-6. Daar staan in vers 4 dat: **Hy 'n Voortrefliker Naam geërf het.** Jesus se Naam is in die tweede plek Groot omdat dit aan Hom toegeteken is. Lees Filip. 2:9-11: vers 9: **Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n Naam gegee wat bo elke naam is**. Jesus se Naam is derdens Groot omdat dit deur Hom verdien is vir Sy oorwinning en triomf. Lees Kol. 2:15 en Ef. 1:20-21. vers 21: **Bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke Naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige.**

Maar laat ons nou teruggaan na ons gebede: As jy jou motor se sleutel verloor kan jy hom nie aan die loop kry nie, jy kan dalk nie eers die deur oopsluit nie, wat nog van die enjin laat draai! Die sleutel is dus uiters noodsaaklik vir die gebruik van jou motor.

Net so het God hierdie gebedsleutel daar gestel; hierdie sleutel wat die deur en vensters van die hemele vir ons sal ontsluit en in elkeen van ons behoeftes sal voorsien. Hierdie sleutel is die Naam van Jesus.

Jesus is ons Middelaar, ons Voorbidder, ons Advokaat en onse Here, Hy staan tussen ons en die Vader en dis die Bybel se voorskrif dat ons deur Jesus tot die Vader moet bid. As jy weer kyk na Joh. 16:23 leer jy daar: in daardie dag – dit is die dag waarin ons nou leef. Jesus het hierdie woorde gespreek net voor Golgota, net voor die Nuwe Verbond sou gesluit en bevestig word. Ons kan in daardie dag verstaan as: die dag van die Nuwe Verbond/Testament. En dis in hierdie dae wat ons in Jesus se Naam moet bid soos Hy ons toe beveel het.

As jy aandagtig deur die Handelinge van die Apostels lees sal jy sien dat daar nie altyd vir siekes en behoeftiges gebid is, maar hulle is aangespreek in Jesus se Naam en wonderwerke het plaasgevind. En hierdie apostels het nie een of ander geheime krag of middel gehad nie, hulle het Jesus se Naam gehad dis die Naam wat die Krag gehad het. En hierdie Naam is nog nooit van Sy Kinders af weggeneem nie, hierdie Naam behoort aan ons as Jesus ons Here is – maak gebruik daarvan, nie 'n ydele herhaling nie, maar met die versekering dat Jesus se Naam nog nooit verander het nie (Heb. 13:8) en jou gebede ook verhoor sal word in daardie Naam. Ek hoor baie mense bid tot die Heilige Gees. Nêrens in die Bybel was die Heilige Gees ooit aangespreek nie en is dus totaal onbybels, maar is baie algemeen in die Roomse Katolieke kerk en baie Geloofs kerke (Faith churches)of Charismatiese kerke.

Daar is ook net kortliks die gewoonte om te sê "om Jesus ontwil" – dis ook 'n dwaling. Ons vra tog nie vir genesing of kos of wat ook al vir Jesus se ontwil nie, maar vir ons eie ontwil – Jy het dit nodig. Laat jou gebede dan altyd begin met: My Hemelse Vader, ek kom tot U in die Naam van Jesus Christus ... Vra in Jesus se Naam want slegs in daardie Naam sal God die Vader ons verhoor, want dis die Naam van Sy Geliefde Seun. ?

UIT ONS POSSAK



Ek gooi my arms vanmore triomfantelik Hemelwaarts om die Here te loof en te dank vir Sy wonderdade. Alle lof en eer aan Hom! Die woorde van 2 Konings 20:5: …."Ek het jou gebed verhoor; Ek het jou trane gesien. Ek gaan jou gesond maak!", is soos 'n loflied in my hart.

My suster se dogter, Hilandi Bresler, het ongeveer drie weke gelede onverklaarbaar 'n virus opgedoen terwyl sy met haar studies besig was. Sy is in Paarl Medi-Kliniek opgeneem met breinvlies ontsteking in die ergste graad, en is na die intensiewe waakeenheid oorgeplaas. Almal het die ergste gevrees, want uit ondervinding weet u wat die nadraai van so 'n siekte is. Toe hul vir my bel om van haar siekte te verwittig, het ek 'n baie ernstige afspraak met die Here gemaak. Ek het vir Hom oor en oor gevra om asseblief vir Hilandi te genees. Want ons gaan nie toelaat dat die duiwel so 'n briljante jong 22 jarige kind van die Here, se brein gaan vernietig en haar van haar gesondheid gaan beroof nie. Sy was 4 jaar gelede in Porterville Hoërskool een van die heel bestes onder die Top 20 matriek kandidate. Waarom moet die duiwel nou kom en haar brein aanval?

Na baie gebede, het ek die sentrum geskakel en een van ons getroue staatmakers, Joey, het geantwoord. Ek het gevra dat u daar saam met ons sal bid. 'n Onverklaarbare kalmte het oor my gekom toe Joey vir my groet met die 3 woorde: "Amen! Amen! Amen!" Die gebede wat by daardie sentrum opgegaan het, het die Here verhoor. My opregte dank aan Dr James en die hele span wat saam met ons in gebed verkeer het. 'n Paar dae gelede het my suster my gebed en meegedeel dat Hilandi 'n brein "scan" ondergaan het, en dat dit absoluut 100% skoon is en dat daar wonderbaarlike genesing ingetree het. Weet julle, ons dien 'n wonderbaarlike genadige en Almagtige Here!! Gebed vermag alles en by Hom is niks onmoontlik nie. Vir diegene wat nog twyfel, glo dit maar gerus, dat God se Handwerk nooit sal verander of verflou nie. Glo dit, en beleef God se resultate. Psalm 66:16 en 19 ….. "Ek wil vertel wat Hy vir my (ons) gedoen het… Maar God het geluister, Hy het ons gebede verhoor!" Hoeveel maal het mense al verwese en verpletterd gestaan en selfs spesialiste se uitsprake al baie keer as finaal beskou. Dan tree Dr James en sy span by daardie sentrum saam met menigeen in gebed. En God maak ons bewus daarvan dat Sy plan anders werk as wat ons besef, anders as die mediese wetenskap.

Hilandi is op die herstelpad, en dit net deur gebede. Net gebede het haar ouers deur hierdie krisistyd gedra. Alle lof en eer bring ons aan die Vader. En alle dank en voorbidding aan die Sentrum vir hulle bemoediging, gebede en jare lange leesstof. Seënwense.

Mev A van Tonder, Aurora

Mag die liefde en vrede van die Here Jesus Christus met jul wees! Baie dankie dat jul saam met my gebid het vir my skape wat gesteel was, die aand van 28 Februarie 2005. Die plaasdrade, asook die buurman s'n was verwoes. Agt van die 47 skape is die volgende oggend in die pad gevind, wat toe ook op Woensdag, 2 Maart verkoop is. Terwyl my pa-hul die skape opgelaai het, kom 'n boer en koop 3 van die skape teen 'n baie goeie prys. Die res is toe op die vandusie verkoop. Ek het toe, wie dit ook al gesteel het, vrygespreek in die Naam van ons Here Jesus Christus. Donderdag, 3de Maart ry 'n boer van 'n naburige plaas verby 'n kamp en sien dat daar skape loop en bel toe my pa. Hul het met ;n verkyker gekyk en my gebel en gesê dat dit soos myne lyk. Vrydag, die 4de Maart ry ek toe deur Koffiefontein toe, en Prys die koning van die heelal, dit was my skape – 30 van hul. Terwyl ek nog die skape tel en deur kyk, stop 'n boer van 'n aangresende plaas om hallo te sê. Ek vertel toe vir hom dat ek hierdie skape wil verkoop, en net daar koop hy die skape by my! Ek is ons Hemelse Vader baie dankbaar vir hierdie wonderwerk en ook dat dit my geloof versterk het! Die dief kom om te slag en te steel en te verwoes, maar Jesus Christus het gekom dat ons kan lewe in oorvloed. Liefde Groete

Carin Beyleveld, Koffiefontein

Ek wil net vir u 'n briefie skryf om baie dankie te sê vir al die gebede wat u vir my gedoen het, en u gemeente ook. My dokter het toe my uitslag deur die pos gestuur, van Tygerberg Hospitaal af, ek het bors kanker gehad, wat na die rug werwels versprei het. Ek het wonderlike nuus vir u, my rug is skoon, en ek wil net vir u sê hoe wonderlik die Here Jesus Christus vir my was om my deur te dra. Ek glo en vertrou net op hom, en ek bly bid en ek bly net positief dink. Die Here het wonderwerke vir my gedoen, ek loof en prys Hom elke dag, en ek glo die Here sal my pad vir my vorentoe oop maak.

Mev J Bester, De Doorns

Verbonde aan hierdie brief van dank gaan ook gepaard waar ek gevra het om vir m eggenoot te bid waar hy 'n vreeslike allergieë ontwikkel het oor sy hele lyf. Dit was vir ongeveer so 5 maande gelede. Ek het u gevra Junie 2004 en oor daardie tydperk het hy volkome genees, daar is nie eers letsels aan sy vel meer nie. Elke dag het dit beter gegaan, alles is normaal selfs tot op sy kopvel. Wat in wonderlike God. Nogmaals baie, baie dankie Dr James en gebedspan. God seën u almal.

Mev E E Ross, Port Elizabeth

Dankie vir die kosbare nuusbrief wat ek gereeld

(Vervolg op Bl. 8)

(Vervolg vanaf Bl. 7 - Uit ons Possak)

ontvang, dankie vir u voorbidding ook in tye van nood. Alle dank aan Jesus ons Verlosser vir mense soos julle wat die Woord aan ons bring in die gees en die Waarheid. In November maand het ek julle gebel en voorbidding gevra vir my kleinkind, Zoë, wat 'n koors ontwikkel het, en in die Sandton kliniek opgeneem was. Daar was groot bekommernis oor haar toestand, ook het sy geweldige hoofpyn gehad. Na ek julle gebel het, het die middag 3 uur 'n wonderbaarlike verbetering ingetree. Sy is ontslaan en het slegs 2 dae teruggegaan vir 'n drip. Elke belofte van God is waar en kan ons, ons eie maak. Glo in die Here Jesus dat Hy die skenker van elke goeie gawe is, en lewe in oorvloed skenk. Ons Groot Geneesheer! Alle eer aan Hom wat vir al ons krankhede aan 'n kruis betaal het! Dankie vir u gehoorsaamheid geskenk deur genade! Liefde groete aan almal.

Mev L Myburgh, Paardekraal

Dit is met 'n blye hart dat ek vandag aan u skrywe, om u mee te deel hoe groot en wonderlik onse Almagtige God en Hemelse Vader net nie is nie. Ek is hospitaal toe op die 28/6/04 vir 'n gewone aambeie operasie. Op die 29/11/04 is ek weer terug hospitaal toe vir 'n biopsie om te sien of die kanker dood is. Op die 6/12/04 het ek my groot geskenk van onse Almagtige God en Hemelse Vader ontvang, toe ek meegedeel was dat die kanker nou iets van die verlede was. Ek dank, prys en loof my Wonderlike Vader vir hierdie groot geskenk. Ek wil ook my dank aan julle by die sentrum, en almal wat vir my gebid het betoon. Baie dankie vir jul liefde en bystand. Mag God jul altyd bystaan in die wonderlike werk wat julle doen. Woorde kan nie beklemtoon hoe dankbaar ek is nie. Ek groet u in die wonderlike naam van Jesus.

Mev B Smit, Pretoria

Liewe vriende, graag gee ek my getuienis van ons Hemelse Vader se troue liefde, ryke seëninge en liefdevolle beskerming. Ons het 'n goeie en florende besigheid gehad. Dit het baie goed gegaan. Ons was ook getrou met ons tiendes en graag kerk toe gegaan. Ons het ons kinders kollege toe gestuur en baie polisse gehad. God was so goed vir ons. Ons het die lewe begin geniet en stadig weggedraai en in verkeerde rigtings begin loop, gou, gou het dinge begin versleg. Ons het groot skuld aangegaan en net op ons polisse vertrou tot op 'n punt waar alles uitgeput was. Die besigheid het ook vinnig tot op sy laagste punt gekom. Skielik begin alles in mekaar val. Deure gaan toe en vriende verdwyn, maar ons God het bly staan. Ons het angstig en wanhopig begin word, en tot die besef gekom net ons God kan ons help en uit hierdie vernietigende ellende help. God het ook.

Ons het nederig en vol ootmoed na ons liefdevolle Vader gegaan en met diepe berou om genade en redding gesmeek. God het verhoor en binne 4 jaar was alles weer reg. Ons wil net sê moenie vrees nie, al gebeur wat ookal vertrou alleen net op God, eer en aanbid Hom, loof en prys Hom en soek Sy aangesig en wandel in Sy weë. Leef in God se Woord en liefde en niks is onmoontlik nie. Halleluja!! Liefde en seënwense.

Mnr en Mev A Engelbrecht, Ceres

Dit is wonderlik om weer te kan getuig hoe groot onse Hemelse Vader is. Die dankbaarheid wat ek ondervind is onbeskryflik. Prys die Here!! 'n Tyd gelede het ek vir julle geskakel en vir voorbidding gevra vir Celeste wat baie gesukkel het met haar dikderm. Weet u sy is genees!! Kan 'n mens ooit die grootheid van Jesus beskryf. Ek het daarna vir julle gevra om vir my te bid oor 'n pyn, en sommer oor alles wat my pla. Die pyn in my sy is weg. Dankie Jesus!! Baie dankie dat jul almal so getrou ons opdra aan ons Vader. Wees verseker dat ons ook vir u bid vir krag, leiding en seëninge. Die liefde van Jesus is wonderbaar, prys Sy Naam. Met baie liefde aan u almal. Liefde en groete.

Violet, Pretoria Noord

Ek het eergister 'n faks gestuur en gevra dat u sal bid vir my vriendin wat gister moes gaan vir kanker toetse. Daar is geen rede tot kommer nie, en alles is reg!! Loof die Here, want dit is HY ALLEEN wat ons help en genees en seën. Al die eer net aan HOM! Baie dankie dat u saam met ons gebid en die Here vertrou het vir hierdie gunstige uitslag. Ons waardeer u toewyding en die lering wat ons deur u leesstof ontvang. Mag die Here u ryklik seën in u werk en ook in u persoonlike lewens. Groete.

Mev S van Staden, Witbank

I wrote to you and requested prayer for two sisters in the Lord who had both been diagnosed with leukemia, and they both did not have long to live. Thank you for your prayers, and for being so dedicated and committed. God is pleased with you, He has heard our prayers. Both sisters are totally healed. To God be all the glory!

Sister J Nicholson

Baie dankie dat ek u ook mag groet in Jesus se Naam. Dit is wonderlik om God van liefde te hê vir al Sy grootheid, Sy lig, liefde en krag. U briewe vir my is so besielend. Die Vader seën u so ryklik. Sy Woord en Sy wonderwerkende, Goddelike genesing. Die Here hoor ons gebede. Dankie vir U gebede vir my en my geliefdes. Dankie vir u gebede vir Pieter en Deon, vir elke kind wat voor gebid word. U het vir my galblaas gebid en dit is heeltemal genees. Ek sê dankie Vader dat my dikderm ook genees is. Dankie vir Sy Woord wat 'n lig op ons pad is en 'n lamp vir ons voet. God seën u baie ryklik. Baie dankie vir u liefde en aanmoediging, ons bid gereeld vir u, en ons is baie lief vir u.

Mev E Rosslee, Grootvlei